

OPDRAG: Bestudeer die tekste en beantwoord dan die taalvrae wat oor elk gestel is.

TEKS 1: Feite-artikel

Hoekom het sebras strepe?

Wetenskaplikes het tot dusver aangevoer die strepe is baie doeltreffend om sebras te verskans wanneer daar 'n honger leeu of hiëna op loer is vir 'n stukkie vars vleis. Maar dis nie die enigste rede nie.

1. Daar was reeds in 1930 'n verstommende teorie oor die strepe. In 2014 het 'n span wetenskaplikes van die Universiteit van Kalifornië weer die teorie van nader beskou en bevind dit was nie so vergesog soos wat dit klink nie: Die strepe verwar vlieë, perdevlieë en ander irriterende goggas.
2. Prof. Tim Caro en een van sy kollegas, dr. Martin How, het dit prakties bewys op 'n perdeplaas naby die Universiteit van Bristol in Engeland waar perde en sebras aangehou word. Terwyl vlieë met hul aanloop na die "landingstrook" nie onderskeid tussen perde en sebras getref het nie, het hulle met die verbyvlug duidelik verkies om die perde te teiken.
3. Die vlieë wat koers gekies het na die sebras het soos sukkelende leerlingvlieëniers gelyk. Hulle het teen die sebras gebons en weggebons. Hy skryf dit toe aan die vlieg se lae-resolusie-sig wat meer op beweging ingestel is, en dat die hoë kontras tussen die sebrastrepe hul navigasie opfoeter.
4. Tim en sy span wou toe kyk of dit werklik die strepe is wat vlieë so van koers af dwing en of perde nie bloot 'n makliker teiken is nie. Toe trek hulle van die perde "aan" met sebrastrepe. Die perde sonder strepe het minstens drie keer erger deurgeloop onder die lasposte as dié met strepe.

Bron: Huisgenoot Digitaal, 26 Februarie 2019

VRAE:

1. Met watter sinoniem sou jy **aanvoer** vervang om die styl effe minder formeel te maak? (1)
2. Skryf die meervoudsvorme van **sebra** en **hiëna** neer. Verduidelik ook watter spelreël jy toepas by hierdie meervoudsvorme. (2)
3. Wat beteken die woord **vergesog** soos dit in hierdie teks gebruik word. Jy mag 'n sinoniem voorstel as deel van jou antwoord. (2)
4. Skryf nog 'n woord uit die teks neer waar die meervoudsvorm ook gevorm word

soos by **vlieë**. (1)

5. Skryf die volvorm vir **prof.** neer. (1)

6. Die volvorm vir die afkorting **dr.** kan dokter of dokter wees.

6.1 Wat is die verskil tussen die vorme? (2)

6.2 Watter volvorm sou jy in die teks gebruik? Motiveer jou keuse. (1)

7. Skryf enige woord uit die teks neer waarin 'n verbindingsklank gebruik is om die gemaklike uitspraak van 'n samestelling te verseker. (1)

8. Skryf ten minste twee woorde uit die teks neer wat paronieme van mekaar is. (1)


9. Spreek jou mening uit oor die gepastheid van die onderstreepte vergelyking in paragraaf 3. (2)

10. Verklaar die gebruik van die koppeltekens in paragraaf 3. (1)

11. Wanneer noem ons iemand 'n **laspos**? (1)

TEKS 2: Humoristiese teks

Bron: Pinterest



12. Die woorde **eenvoudige** en **vriende** het dieselfde agtervoegsel. Hoe verskil die funksie van die agtervoegsel egter? (2)

13. Hoe sal die klankwaarde van die klinker beïnvloed word indien **oplossing** met net een **s** geskryf word? (1)

14. **Nooi** beteken in hierdie aanhaling om iemand te vra om by jou te kom kuier. Wat kan **nooi** nog beteken? (1)

15. Skryf nog 'n woord (soos by vraag 14) uit die teks neer wat ook 'n heel ander betekenis kan hê. Ondersteun jou antwoord met 'n voorbeeldsin. (1)

TEKS 3: Spotprent



16. Skryf die een woord vir die frase tussen hakies neer: Die persoon wat Eskom beampte bel oor die kragkrisis is duidelik (nie geduldig nie). (1)
17. Skryf 'n woord uit die teks neer waarin die skryfteken aandui dat die klinker lang en gerond uitgespreek moet word. (1)
18. Maak gebruik van 'n voorvoegsel om die antoniem vir **normaal** te vorm. (1)
19. Verduidelik hoe die uitdrukking **om iemand in die duister te hou** in hierdie spotprent dubbelsinnig verstaan kan word. (2)
20. Skryf die korrekte afkorting vir **as gevolg van** neer. (1)
21. Skryf 'n woord uit die teks neer wat ons geneig is om te ontrond wanneer ons die woord uitspreek. (1)
22. Verduidelik in jou eie woorde wat bedoel die muis met sy opmerking: **Laat ons in donker tye liever na die ligter sy kyk.** (2)